AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

# 'N BEOORDELING VAN DIE OMSKEPPING VAN 'N LANDBOUKOöPERASIE IN 'N ANDER ONDERNEMINGSVORM

HJL du Toit
*Registrateur van Koöperasies, Departement van Landbou, Pretoria*

UITTREKSEL

'n Koöperasie is 'n eiesoortige ondernemingsvorm wat bepaalde doelwitte in belang van sy lede nastreef. Hierdie ondernemingsvorm is egter vir bepaalde redes onderhewig aan bepaalde beperkings in vergelyking met die maatskappyvorm. Die beperkings het tot gevolg dat inherente ondernemingsprobleme kan ontstaan wat moeilik op koöperatief erkende wyses opgelos kan word. Een van hierdie probleme is die relatiewe onvermoë van landboukoöperasie om voldoende eie kapitaal te bou. 'n Verdere probleem ontstaan wanneer lede neig om die koöperasie as 'n beleggings instelling te sien. In 'n poging om oplossings vir hierdie probleme te vind word daar soms oorweeg om 'n koöperasie in 'n ander ondernemingsvorm te omskep. So 'n stap hou beide voor- en nadele in vir die onderskeie belangegroepe by so 'n aksie nl. die lede en bestuur van die koöperasie, die koöperasie as onderneming, die Staat en die nuwe onderneming wat tot stand kom. Dit kan ook afbreuk doen aan die eiesoortige karakter van die koöperasie en die doelwitte wat lede wou nastreef met oprigting van die koöperasie.

ABSTRACT

A co-operative is a distinctive form of business which pursue specific aims in the interest of its members. However, for particular reasons this form of business is subject to certain limitations when compared with the company form of business. Inherent business problems may arise as a result of these limitations which can not be resolved with-in the co-operative structure. One such problem is the relative inability of agricultural co-operatives to form sufficient own capital. A further problem arises when members tend to look upon their co-operative as an investment institution. In an endeavour to find a solution to these problems, conversion to another form of enterprise is often considered. Such action however, holds both advantages as well as disadvantages for the several interest parties i.e. the members and management of the co-operative, the co-operative as business undertaking, the State and the newly formed enterprise. This action may also prejudice the original aims of the members which they had in mind when forming the co-operative.

## 1. INLEIDING

'n Koöperasie is 'n ondernemingsvorm wat deur bepaalde kenmerke onderskei word van ander ondernemingsvorms. Daar word dikwels deur die belanghebbendes by 'n koöperasie (onder meer die lede, raad van direkteure en bestuur) aangevoer dat koöperasies onderhewig is aan belemmerende faktore wat verhinder dat die koöperasie kan ontwikkel tot 'n gesonde besigheidsonderneming wat in staat sal wees om die beste voordeel vir sy lede te behaal. Sommige van hierdie belemmerende faktore is eie aan die koöperasiewese aangesien dit voortspruit uit die wesenskenmerke van die koöperasie wat in die Koöperasiewet, 1981 (Wet 91 van 1981), beliggaam is. Ander belemmerende faktore spruit voort uit kenmerke van die koöperasiewese soos wat dit in die Suid-Afrikaanse konteks ontwikkel het. Onder hierdie omstandighede word soms beplan om die ondernemingsvorm te verander in 'n poging om te ontkom aan die belemmerende faktore.

## 2. DOELWITTE VIR OMSKEPPING IN 'N ANDER ONDERNEMINGSVORM

Daar het in onlangse tye veral twee doelwitte na vore gekom as oorweging om te omskep in die maatskappyvorm, te wete -

- vergroting van eie kapitaal.
- ontsluiting van intrinsieke waarde.

### 2.1 Vergroting van eie kapitaal

Ten einde die kapitaalvormingsprobleem van die koöperasie aan te spreek, word daarna gestrewe om kapitaal van buite die landbou as aandelekapitaal te werf.

In die lig daarvan dat 'n koöperasie deur die Koöperasiewet verhinder word om aandele aan nie-lede uit te reik, word 'n metodiek gevolg om die koöperasie in die maatskappyvorm te omskep, aangesien daar geen soortgelyke beperkings is op die uitreiking van aandele deur 'n maatskappy nie. Benewens die aandele wat aan die lede van die koöperasie uitgereik word, kan sulke aandele opgeneem word deur enkele groot beleggers of kan dit aan die breë publiek aangebied word. Notering van sulke aandele op die Effektebeurs dien as aansporing vir die publiek om in te skryf vir die aandele, terwyl sodanige notering ook groter verhandelbaarheid van die aandele meebring.

### 2.2 Ontsluiting van intrinsieke waarde

Daar word aangevoer dat die bates wat in die loop van jare deur die koöperasie opgebou is en meesal teen historiese waarde in die balansstaat aangedui word, 'n waarde verteenwoordig wat, behalwe in die geval van likwidasie van die koöperasie, nooit aan die lede van die koöperasie toeval nie. Sulke betoë word gestimuleer deur die feit dat die aandele van koöperasies, onder meer as gevolg van die onbeperkte uitreiking daarvan, nie appresieer nie.

As gevolg van die beperkte uitgifte van aandele in 'n maatskappy word sulke aandele waardeer volgens onder meer die batewaarde van die onderneming. Appresiasie van maatskappy-aandele word verder gestimuleer deur die groter verhandelbaarheid daarvan - onder meer deur notering op die Effektebeurs.

Die gedagterigting van ontsluiting van waarde wyk wesenlik af van die tradisionele siening dat die koöperasie as 'n permanente struktuur opgebou word om ook deur toekomstige geslagte benut te word.

## 3. DIE MERIETE VAN OMSKEPPING

Ten einde die meriete van die omskepping van 'n landboukoöperasie in die maatskappyvorm te beoordeel, is dit nodig dat ons die beweegredes vir die oprigting van 'n landboukoöperasie en die voordele van koöperatiewe optrede verstaan.

Ooreenkomstig die verlengstukteorie oor koöperasiewese streef boere ekonomiese sowel as strategiese doelwitte na by die oprigting van 'n koöperasie.

Die volgende belangrike eienskappe van die koöperatiewe ondernemingsvorm onderskei hom van die maatskappyvorm en maak hom ideaal geskik om hierdie doelwitte te bevredig:

(a) As wesenskenmerk van 'n koöperasie word ondernemingswins nie as vergoeding op kapitaal aangewend nie, maar op die omsetbasis aan lede geallokeer. Die lid se aandeel in die koöperasiewins hou dus verband met die omvang van sy boerderyaktiwiteite.

(b) Omdat maksimering van ondernemingswins nie die koöperasie se doelwit is nie, kan koöperatiewe fasiliteite in stand gehou word teen laer winsgewendheid as wat 'n winsmaatskappy bereid sou wees om dit te doen.

(c) As mede-eienaars van 'n koöperasie het die lede as kliënte beheer oor die onderneming by wyse van die verkiesing van direkteure en die uitoefening van stemreg op ledevergaderings.

Hierdie kenmerke stel die boer in staat om sy strategiese beplanning met inagneming van die bestaan van koöperatiewe fasiliteite te doen.

### 3.1 Voordele van omskepping

Verskeie belangegroepe is betrokke by die omskepping van 'n koöperasie in 'n maatskappy. Die aard van die onderskeie groepe se belange kan verskil. Gevolglik kan die voordele van so 'n omskepping verskillend van aard wees.

Die belangegroepe is die volgende:

- lede van die koöperasie;
- bestuur van die koöperasie;
- die koöperasie as onderneming;
- die staat; en
- die maatskappy.

'n Aantal voordele wat die onderskeie belangegroepe verwerf deur die omskepping, word hieronder genoem.

(a) Die lede van die koöperasie

- Die voortbestaan van die onderneming word verseker in die geval waar die kapitaalvormingsprobleem die voortbestaan van die koöperasie bedreig. Hierdie aspek is veral van belang in die geval waar 'n koöperasie 'n onontbeerlike diens aan die boer lewer (byvoorbeeld in die geval waar die koöperasie die enigste afnemer van die boer se produk is).

- Die druk op die lid om die onderneming van voldoende kapitaal te voorsien, word verlig. Die boer kan dus sy skaars finansiële middele in sy boerderyonderneming aanwend.

- Die lid as aandeelhouer van die maatskappy deel in die wins van die maatskappy by wyse van 'n dividend.

- Die lid se belegging kan appresieer.

- Die lid kan sy belang vryelik verhandel wanneer dit sy behoefte pas.

- Stemreg in die maatskappy word op die kapitalistiese stelsel gebaseer.

Laasgenoemde drie aspekte spruit voort uit die beleggingsgeoriënteerde siening teenoor die koöperatiewe siening van die lid se belegging in sy koöperasie.

(b) Die bestuur van die koöperasie

- Deurdat die maatskappy in 'n ander omgewing opereer, verkry die bestuur toegang tot andersoortige kundigheid wat vir hom van nut in die bestuurstaak kan wees.

- Groter bestuursvryheid word verkry as gevolg van die afwesigheid van die plaaslike kontak met eienaar-kliënte onder die koöperatiewe stelsel.

- Bestuursprobleme voortspruitende uit die kapitaalvormingsprobleem word oorkom.

- Die bestuur kan deel in 'n aandeleskema vir personeel.

(c) Die koöperasie as onderneming

- Die beperkings wat kenmerkend is van die koöperatiewe vorm (beperkte doelstellings, beperkte kliëntekring, kapitaalvormingsprobleme, ens) word vermy. Die onderneming kan dus groei deur nuwe geleenthede te ontgin.

- Die onderneming baat deur die verkryging van spesifieke kundigheid op direksievlak.

- Toegang word verkry tot andersoortige finansieringspakkette wat nie vir koöperasies beskikbaar is nie.

(d) Die Staat

- 'n Potensiële probleemgeval wat aanleiding kan gee tot vertoë om hulpverlening, word voorkom.

- Die Staat verkry 'n indirekte voordeel deurdat die druk op Landbankfondse verlig word.

(e) Die maatskappy

- Aandeelhouers (voormalige lede van die koöperasie) is ook kliënte van die maatskappy en kan dus neig om die eie belang te beskerm deur besigheidsondersteuning aan die maatskappy te verleen. Dit kan lewering van die grondstof/afneem van die eindproduk bevorder.

### 3.2 Nadele van omskepping

Omskepping hou egter ook nadele vir die onderskeie belangegroepe in. Enkeles daarvan word hier genoem.

(a) Die lede van die koöperasie

- Lede kan die beherende belang in die onderneming verloor. Gevolglik kan besigheidsbesluite deur ander belanghebbendes in die nuwe onderneming geneem word.

- Verlies van beheer lei tot die verlies van 'n simpatieke beoordeling van die voortsetting van dienste/fasiliteite deur die onderneming aangesien die norm van beoordeling kan verander na een van suiwer winsmaksimering.

- Die aanwesigheid van ander (beleggingsge-oriënteerde) belanghebbendes in die onderneming kan lei tot botsende doelwitte ten opsigte van die pryse van insette en produkte. Die belegger strewe na die prys wat die maksimum wins vir die onderneming meebring, terwyl die boere-aandeelhouer na die beste prys uit die oogpunt van sy boerdery-onderneming strewe.

- Die vervanging van die koöperatiewe grondslag van winsdeling met die beleggersgrondslag het tot gevolg dat die koöperasielid nie sy regmatige winsdeel in verhouding tot sy besigheid met die onderneming verkry nie. Die beleggersopbrengs (dividend) kan vergoed vir hierdie verlies mits die individu kapitaalkragtig genoeg is om 'n eweredige belegging in die aandelekapitaal van die maatskappy te maak.

(b) Die bestuur van die koöperasie

- As gevolg van die veranderde doelwit van die onderneming word bestuur aan ander prestasienorme gemeet.

(c) Die koöperasie as onderneming

- Die onderneming verloor die voordele voortspruitende uit die Koöperasiewet en ander wetgewing. Voorbeelde hiervan is die koöperatiewe pandreg, inkomstebelastingvoordele en Landbankfinansiering.

- Die onderneming kan die simpatieke ondersteuning van voormalige koöperasielede verloor wanneer die onderneming die persepsie van 'n "eie" onderneming verloor.

- As gevolg van die aanwesigheid van buitebelange sal die maatskappy waarskynlik nie langer deel kan wees van die georganiseerde landbou nie.

(d) Die Staat

- In soverre die Staat dit goed geag het om koöperasies te benut as 'n kanaal om hulp aan die landbou te verleen, gaan hierdie kanaal nou verlore.

(e) Die maatskappy

- Die aanwesigheid van verskillende (botsende) belange binne sy geledere kan aanleiding gee tot die ontstaan van 'n interne drukgroep wat die doelgerigte nastrewing van die maatskappy se winsdoelwit kan belemmer.

- Die bestaan van 'n groot homogene groep wat ook kliënte van die onderneming is, kan strategiese gevare inhou. Die groep kliënte kan byvoorbeeld op georganiseerde wyse hulle ondersteuning onttrek.

## 4. GEVOLGTREKKING

Soos blyk uit die voorgaande, hou omskepping die gevaar in dat die doelwitte wat beoog is om bereik te word deur die oprigting van 'n koöperasie, ongedaan gemaak kan word deur die omskepping van 'n koöperasie in 'n winsmaatskappy.

Die belangrikste gevare in die verband is die volgende:

(i) Lede verloor beheer oor die onderneming wanneer hulle nie langer die beherende belang hou of die meerderheid van die direkteure kan aanwys nie.

(ii) Ten einde getrou te wees aan sy doelwit van winsmaksimering sal die winsmaatskappy strewe na maksimum winste, wat kan bots met die prysdoelwitte van koöperasielede.

(iii) In die strewe na maksimum wins kan so 'n winsmaatskappy nie-winsgewende of laer winsgewende bedrywighede staak, wat waarskynlik tot gevolg sal hê dat die lede daardie dienste sal ontbeer.

Daar is ook aangedui dat omskepping sowel voor- as nadele vir die onderskeie belangegroepe inhou. Daardie aspekte gee 'n aanduiding van die sterk en swak punte van die koöperatiewe ondernemingsvorm. Wanneer omskepping dus oorweeg word, moet in elke individuele geval oorweeg word -

(a) watter swak punte die koöperasie as ondernemingsvorm in die besondere geval openbaar wat die bereiking van sy doelwitte strem;

(b) of so 'n nuwe ondernemingsvorm beter in staat sal wees om die doelwitte te bereik;

(c) welke voordele 'n ander ondernemingsvorm inhou; en

(d) wat die lede se posisie na omskepping sal wees - oor die kort- sowel as die langtermyn.

Dit kan ook gebeur dat sekere aanvanklike beweegredes vir oprigting, in die loop van 'n koöperasie se bestaan vervaag. Die aanvanklike beweegredes vir oprigting moet dus ook om daardie rede oorweeg word by die beoordeling van die wenslikheid van omskepping.

## SUMMARY

In an effort to solve the problem of financing co-operatives, several co-operatives have recently considered converting into profit making companies. When considering such a conversion due consideration should been given to the advantages and disadvantages of such a step.

It would appear that the danger exists that the goals that were to be achieved through the formation of a co-operative can be destroyed by converting the co-operative into a profit-making company.

The most important dangers in this regard are the following:

(i) Members lose control over the enterprise when they no longer hold the controlling interest or can no longer appoint the majority of the directors.

(ii) In order to remain loyal to its goal of profit maximisation, the profit-making company will strive to make the greatest possible profit, which could conflict with the price goals of members of the co-operative.

(iii) In striving for maximum profit, such a company can abandon non-profitable or lower profit yielding activities, which will probably result in the members' foregoing those services.

It is also clear that conversion contains both advantages and disadvantages for the various interest groups. Those aspects give an indication of the strong and weak points of the co-

operative form of enterprise. When conversion is being considered, the following points must therefore be taken into account in each case -

(a) in that particular case, which weak points prevent the co-operative as enterprise from achieving its goals;

(b) whether such a new form of enterprise will be a better vehicle with which to achieve those goals;

(c) what are the advantages that another form of enterprise would hold; and

(d) what would the member's position be after conversion, in both the short and the long term.

It is also possible that some of the initial reasons for formation may lose their validity during the course of the existence of a co-operative. The initial reasons for forming a co-operative must therefore also be considered in evaluating the desirability of conversion.